# NIE-EENSGESINDHEID IN EENSGESINDHEID? DIE VERKIESING VAN HENDRIK VERWOERD AS EERSTE MINISTER IN 1958

**Pieter Duvenage**[1]

Opgedra aan my pa, die historikus, GDJ Duvenage (1925-2012)

***Abstract***

*This contribution focuses on the inner-party discord of the National Party leading to the election of Dr Hendrik Verwoerd as Prime Minister of South Africa in 1958. The National Party of 1958 was a complex party characterized by a federal party structure, regional differences, different personalities and even ideological undercurrents. In the first section of the contribution the focus falls on the intense political discord within the NP of 1958 until the death of Strijdom on 24 August. In this section the differences and election strategies of the different candidates come to the fore. In the second section the election of Verwoerd as party leader, and more specifically Prime Minister, is reconstructed. The third section focuses on the period from Verwoerd's election as Prime Minister on 2 September until the appointment of his first cabinet on 21 Oktober 1958. It is in this cabinet that he had to unite regional differences, personalities, and even ideological undercurrents. This contribution ends (section 5) with the first cabinet meeting of the Verwoerd era (November 1958) which offered an interesting ideological twist – a twist that even found echoes in the later National Party leading up to 1994.*

**Keywords:** JG Strijdom; HF Verwoerd, CR Swart; E Dönges; Prime Minister; National Party; cabinet; caucus; unanimity; division; Albert Hertzog; free market; private initiative; nationalism.

**Sleutelwoorde:** JG Strijdom; HF Verwoerd, CR Swart; E Dönges; eerste minister; Nasionale Party; kabinet; koukus; eengsgesindheid; nie-eensgesindheid; Albert Hertzog; vrye mark; private inisiatief; nasionalisme.

## 1. INLEIDING

Die Nasionale Party was in die eerste dekade van sy bewind in Suid-Afrika (1948 1958) nie so eensgesind as wat 'n mens vandag, in 'n post-1994 Suid-Afrika, sou wou dink nie.[2] Die nie-eensgesinde aspekte van die Nasionale Party (NP) kan baie goed gerekonstrueer word in die gebeure van 1958 toe die dienende

1 Professor en Hoof, Departement Filosofie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: Duvenagepnj@ufs.ac.za

2 Danie Goosen, Johann Rossouw en Lindie Koorts en drie anonieme keurders word vir hulle voorstelle en kritiese kommentaar bedank. Die outeur bly egter alleen verantwoordelik vir hierdie artikel. Verder ook die outeur se dank aan die personeel van die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (AREA), aan die Universiteit van die Vrystaat vir hulle professionele en vriendelike hulp, en by name: Huibré Lombard, Ernéne Verster en Freddy Sentso.

eerste minister, JG Strijdom (1893-1958), ernstig siek geword het en ’n interne stryd rondom sy opvolger ontstaan het.[3] Uiteindelik is Hendrik Frensch Verwoerd (1901-1966) op 2 September as partyleier aangewys en het hy die sesde eerste minister van Suid-Afrika sedert 1910 geword.[4] Verwoerd het egter om verskeie redes nie so sterk binne sy party gestaan as wat tans gemeen word nie. Hy moes deur verskeie politieke optrede en gebeure, waarvan die samestelling van sy eerste kabinet in 1958 ’n eerste was, sy party in ’n eenheid saambind. Die NP van 1958 was ’n veelstemmige en komplekse party met ’n federale aard, streeksverskille, verskillende persoonlikhede en ideologiese onderstrominge.[5] Teen hierdie agtergrond word die homogene beeld van die NP, sowel as die heersende opvatting van Verwoerd se oorheersende mag oor sy kabinet en party, ten minste met die aanvang van sy termyn as eerste minister, uitgedaag.

In die eerste afdeling van die artikel val die soeklig op die intense politieke gebeure binne die NP van 1958 tot die afsterwe van Strijdom op 24 Augustus. In hierdie afdeling kom die verskille en verkiesingstrategieë binne die NP na vore. In die tweede afdeling word die verkiesing van Verwoerd as partyleier en eerste minister gerekonstrueer. Die derde afdeling fokus op die tydperk vanaf Verwoerd se aanwysing as eerste minister op 2 September tot en met die aanwysing van sy eerste kabinet op 21 Oktober. Dit is in hierdie kabinet wat hy streeksverskille, persoonlikhede en ideologiese onderstrominge moes saamsnoer. Die bydrae eindig (afdeling 5) met die eerste kabinetsitting in November 1958 wat ’n interessante ideologiese wending geneem het – ’n wending wat tot in die latere Nasionale Party met die onderhandelinge in 1994 weerklank gevind het.

---

3 Vir meer inligting oor Strijdom, kyk JL Basson, *J.G. Strijdom. Sy politieke loopbaan van 1929 tot 1948* (Wonderboom Uitgewers: Pretoria, 1980) en vir ’n bondiger weergawe kyk APJ van Rensburg, “J.G. Strijdom”, *SA Biografiese Woordeboek III* (Kaapstad: RGN/Tafelberg, 1977), pp. 785-793.

4 Kyk die volgende biografiese en biografies-verwante werke: MPA Malan, *Die Nasionale Party: Sy stryd en sy prestasies, 1914-1964* (Elsiesrivier/Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery, 1964), pp. 279-325; F Barnard, *13 Jaar in die skadu van Dr. H.F. Verwoerd* (Johannesburg: Voortrekkerpers, 1967); O Geyser, *Dr. H.F. Verwoerd die republikein* (Kaapstad: Tafelberg, 1972); GD Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966*, Bd. I-II (Johannesburg: Perskor, 1974); A Hepple, *Verwoerd* (Londen: Voortrekkerpers, Pelican, 1976); H Kenney, *Architect of Apartheid: H.F. Verwoerd: An appraisal* (Jonathan Ball: Johannesburg, 1981); WJ Verwoerd (red.), *So onthou ons hom. Verwoerd* (Pretoria: Protea, 2001); P-O Sabalot, *Verwoerd. Le Prophète Assassiné* (Marseille: Editions Du Camas, 2009) en H Giliomee, *Die laaste Afrikanerleiers*, *‘n toets van mag* (Kaapstad: Tafelberg, 2012), pp. 38-89. Vir ’n bondige oorsig, kyk FJ du T Spies, E Theron en JJJ Scholtz, “Hendrik Frensch Verwoerd”, *SA Biografiese Woordeboek III* (Durban: RGN/Butterworth, 1981), pp. 769-780.

5 Kyk in die opsig na Lindie Koorts se opmerkings oor die NP onder Malan in ”An ageing anachronism: D.F. Malan as Prime Minister, 1948-1954”, *Kronos: Southern African Histories* 36 (2010), pp. 108-135. Vir ’n meer uitgebreide weergawe, kyk L Koorts, *D.F. Malan en die opkoms van Afrikanernasionalisme* (Kaapstad: Tafelberg, 2014).

In die rekonstruksie wat hier volg, speel Albert Hertzog (1899-1983) se dagboek ’n belangrike rol.[6] Met verwysing na dié dagboek is dit nodig om enkele opmerkings te maak. Dit is ’n interpretasie van binne die NP in 1958 en nie die interpretasie van politieke gebeure in Suid-Afrika in 1958 nie. Dit gaan dus nie om die blanke opposisie of die buiteparlementêre opposisie van 1958 nie.[7] Hierdie bydrae is ’n interpretasie van die intellektuele geskiedenis van ‘n spesifieke politieke gemeenskap van binne-uit. Die gevaar van so ’n benadering is dat dit maklik as subjektief beoordeel kan word. Nogtans word gehoop om die interpretasie wat hier aangebied word so wyd en universeel as wat moontlik is te kommunikeer.

## 2. GEBEURE TOT STRIJDOM SE AFSTERWE EN WOELINGE RONDOM ’N OPVOLGER

Weens sy siekte kon premier JG Strijdom nie die eerste kort sitting van die Volksraad, voor die verkiesing van 1958, bywoon nie. In sy plek het CR Swart, die minister van justisie as leier van die Volksraad, as nie-amptelike eerste minister waargeneem. Volgens Albert Hertzog het Swart egter ’n “swak” indruk by ’n sekere deel van die koukus geskep, veral in die wantrouedebat wat hy namens die NP en regering moes lei.[8] Tydens ’n konferensie van NP-kandidate by die Pretoria Stadsaal op 3 Maart het Verwoerd in die afwesigheid van Strijdom, as onderleier van die NP in dié provinsie, vir alle praktiese doeleindes die Nasionale Party se verkiesingsveldtog in die Transvaal gelei.[9] Verwoerd self het tydens die verkiesing vir die eerste keer in ’n kiesafdeling vir die Volksraad, nl. Heidelberg, gestaan, nadat hy die vorige tien jaar ’n senator was.[10] Tydens die algemene verkiesing is

6 Albert Hertzog-dagboek, Argief vir Eietydse Aangeleenthede (Hierna bloot verwys as AREA), Universiteit van die Vrystaat, PV 451, lêer (L) 4/1/192. Dit is so dat hierdie dagboek ook ’n sentrale rol speel in BM Schoeman se *Van Malan tot Verwoerd* (Kaapstad: Human en Rousseau, 1973). Hierdie artikel verskil van Schoeman in die opsig dat Hertzog se binne-perspektiewe ook met buite-perspektiewe vergelyk word en dat bykomende argivale bronne as Hertzog se dagboek geraadpleeg is.

7 Omdat die begrippe *interpretasie* en historiese *verstaan* in hierdie opsigte belangrik is, word die bydrae vanuit ’n bepaalde *horison* of perspektief geskryf, soos Gadamer (1900-2002) dit in sy bekende *Wahrheit und Methode* (Tübingen: Mohr Siebeck, 1960) stel. Vir ’n goeie samevatting van Gadamer se denke, kyk J Malpas, “Hans-Georg Gadamer”, *Stanford Encyclopedia of Philosophy*, <http:plato.stanford.edu/entries/gadamer/>, geraadpleeg 20 April 2012.

8 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer (L) 4/1/192, p. 8705.

9 HF Verwoerd, *Fotobiografie* (Johannesburg: Voortrekkerpers, 1966), p. 57. In Kaapse kringe is die verkiesing selfs beskryf as ’n gebeurtenis waar “die leiers geen groot aandeel daaraan gehad het nie”. Kyk hieroor Jaap Steyn, *Penvegter*. Piet Cillié van *Die Burger* (Kaapstad: Tafelberg, 2002), p. 114.

10 Oor die Heidelberg-kiesafdelingsake (1958-1966), kyk AREA, PV 93, lêer 1/23/1-22. Vir die kieslys van die kiesafdeling 1958, kyk PV 93, lêer 1/30/1/3. Lindie Koorts het die outeur daarop

Verwoerd as ’n gevaar deur die VP-opposisie beskryf.[11] Die verkiesing op 16 April was ’n sukses vir die Nasionale Party aangesien dit landswyd sy stemme- en seteltal, ook in die belangrike provinsies van Kaapland en Transvaal, verhoog het.[12] Die party het 97 setels teenoor die opposisie (VP) se 53 gewen.[13] Strijdom het tydens die veldtog slegs drie vergaderings in Johannesburg, Stellenbosch en Pretoria gehou. Na die verkiesing het hy nog twee oorwinningsfeeste op Kerkplein toegespreek. By die laaste geleentheid, die oorwinningsfees van die Transvaalse Nasionale Party op 22 April, was 40 000 mense teenwoordig.[14]

Na die verkiesing is die parlement op Vrydag 4 Julie geopen vir die sitting van die tweede helfte van die jaar. Op Dinsdag 8 Julie het Strijdom vir die laaste keer as eerste minister aan die wantrouedebat deelgeneem.[15] Dit is interessant dat twee relatiewe junior politici, beide sterk ondersteuners van Verwoerd, Hans Abraham en Frans Mentz, aan die wantrouedebat deelgeneem het. Verwoerd het op die laaste dag van die wantrouedebat, Vrydag 11 Julie, deelgeneem aan onderwerpe wat sy departement as minister (naturellesake) geraak het. Daardie Vrydag was Strijdom se laaste verskyning in die parlement toe hy sy stem in die wantrouedebat uitgebring het.[16] Daarmee het sy parlementêre loopbaan van bykans 30 jaar tot ’n einde gekom. Die daaropvolgende Maandag (14 Julie) is ’n spesiale koukusvergadering op Strijdom se verjaarsdag belê, maar hy kon dit nie bywoon nie. In die koukus het CR Swart, die senior minister, koukuslede versoek om nie die eerste minister tydens sy siekte te gaan besoek nie.[17] Kort hierna berig *Die Burger*:

> “Die Eerste Minister ... sal weens ’n letsel aan die hartklep ’n tyd in die bed moet bly. Hy sal daarna ‘vir ’n redelike tydperk’ sy normale werk nie moet hervat nie, volgens ’n mediese verklaring wat gisteraand oor sy toestand uitgereik is. Mnr. Strydom het voor verlede week weens ’n karbonkel in die neus siek geword, en kon sedertdien die Parlementsitting nie bywoon nie. Dit is in die stadium onseker wanneer hy weer die sitting sal kan bywoon. Hy herstel in sy ampswoning Groote Schuur.”[18]

---

gewys dat dit fassinerend is dat Verwoerd eerste minister kon word sonder dat hy ooit ‘n LV was. Dit was ’n belangrike slypskool wat hy nie bygewoon het nie – en dit onderskei hom van sy voorgangers.

11 Verwoerd het ’n baie negatiewe beeld in die opposisiepers en oorsee opgebou veral met betrekking tot sy hantering van die rassekwessie in die departement van naturellesake. In 1957 was dit bekend dat hy as minister na ’n portefeulje, soos finansies, wou oorskuif. Kyk hieroor brief van NP van Wyk Louw – WEG Louw, 28 Julie 1957, in J Steyn, *Van Wyk Louw. ’n Lewensverhaal*, II (Kaapstad: Tafelberg, 1998), pp. 787-788. Strijdom het egter vir Verwoerd oorreed om in sy portefeulje aan te bly. Kyk hieroor *Transvaler*, 9 April 1958.

12 Vir materiaal oor die verkiesing vanuit Verwoerd se lêer, kyk AREA, PV 93, lêer 1/2/8.

13 Kyk KA Heard, *General elections in South Africa, 1943-1970* (OUP: Oxford, 1974), p. 91.

14 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8874.

15 *Hansard*, 1958, kol. 29-51.

16 *Ibid*., kol. 204-216.

17 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8806, 8808.

18 *Die Burger*, 24 Julie 1958. Hoewel *Die Burger* na “Strydom” verwys het, het Strijdom self “Strijdom” verkies en word daar in hierdie bydrae met laasgenoemde volstaan.

In hierdie stadium het die NP-parlementslede begin glo dat Strijdom "... nie weer tot die politiek gaan toetree nie, maar dat hy vir hom waarskynlik gaan terugtrek op sy plaas selfs as hy (sou) genees".[19] Teen hierdie agtergrond het koukuslede van die NP aan die einde van Julie reeds oor 'n opvolger begin besin. Soos reeds genoem, was die Nasionale Party in 1958 'n komplekse party met 'n uiteenlopende magsentra. Hertzog skryf oor die verskillende strominge en "fluisterpraatjies" op 27 Julie: "PW Botha en sy organisasie wil vir Dönges hê, 'n paar Vrystaters wil vir Black Swart hê, en 'n klompie sterk oortuigde Afrikaners van die Noorde wil vir Verwoerd hê. Daar is verdwaaldes wat van Schoeman praat en daar is een persoon ten minste wat ek gehoor het wat gedink het dat Jan de Klerk aanneemlik sou wees ..."[20] Dit was gou duidelik dat die enigste realistiese kandidaatskeuses die volgende was: Adv. CR Swart, die minister van justisie, die mees senior kabinetsminister en NP-leier in die Vrystaat; dr. TE (Eben) Dönges, minister van binnelandse sake en leier van die NP in Kaapland; en dr. Hendrik Verwoerd, minister van naturellesake en onderleier van die NP in Transvaal. Die drie kandidate moes in die tydperk met verskeie elemente binne en buite die Nasionale Party rekening hou. En so het, volgens Van Rooyen, een van die "... moeilikste en spannendste tydperke in jare ..." van die Nasionale Party tussen einde Julie en 2 September 1958 aangebreek.[21]

Verwoerd is reeds teen die einde van Julie deur dr. Albert Hertzog, die LV van Ermelo, genader om as kandidaat te staan. Nadat hy ingestem het, is sy veldtog deur Hertzog en twee ander Transvaalse LV's, MC Botha (Roodepoort) en Hans Abraham (Groblersdal), van stapel gestuur. (Die opponent-veldtogte van Swart en Dönges is onderskeidelik deur 'n Vrystaatse minister, JJ Serfontein, en die Kaapse sekretaris van die NP en LV vir George, PW Botha, georganiseer). Reeds op 27 Julie het Hertzog sy steun vir Verwoerd "in 'n kritieke tydperk ... van ons volk" as volg uitgedruk: "Ons moet die sterkste (kandidaat) aanstel: Die man wat radikaal sal optree en die moed sal hê om dinge te doen." En: "Dit is vir ons baie duidelik dat as ons vir Dönges of Swart gaan kry, dan gaan die toestande net bly soos dit is. En dan gaan dit endtoe met die Afrikaner. As dit Verwoerd gaan wees, dan sal ons moontlik kragdadige optrede vind."[22] Wat Hertzog met "sterkste", "radikaal" en "kragdadige" bedoel het, sal later duideliker word. Die Verwoerd-kamp se veldtog is verder bevoordeel omdat twee Kapenaars, die LV Dirk Uys en die prominente voorsitter van die koukus, Piet Luttig, vanuit die staanspoor hulle steun aan hom toegesê het.[23] Hoewel hulle in hierdie stadium kon reken op 56 van die 101 volksraadslede (en 'n meerderheid van senatore), was Verwoerd se oorwinning

19 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8809

20 *Ibid*.

21 Jan van Rooyen, *Ons politiek van naby* (Kaapstad: Tafelberg, 1971), p. 23.

22 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8809, 8813.

23 Uys is later in Oktober in Verwoerd se kabinet as minister aangestel.

nie vir Albert Hertzog en sy geesgenote ’n uitgemaakte saak nie.[24] Verwoerd het formidabele struikelblokke op sy weg gehad. Struikelblokke soos die houding van die kabinet as magsentrum aan die spits, die federale aard van die Nasionale Party en persoonlike en ideologiese verskille het alles daarop gedui dat dié party nie ’n eensgesinde magsblok was nie maar eerder nie-eensgesindheid in eensgesindheid verteenwoordig het.

Wat die Strijdom-kabinet aanbetref, was dit algemeen bekend dat die meerderheid van die ministers vir Swart, eerder as Verwoerd of Dönges, as eerste minister wou hê. Uit bronne kan die keuses van die 14 lede in die kabinet tussen Swart (S), Verwoerd (V) en Dönges (D) met redelike sekerheid, as volg gerekonstrueer word:

Strijdom (V); Swart (S); Sauer (S); Louw (S); Dönges (D); Schoeman (S); Erasmus (D); Verwoerd (V); Naude (S); De Klerk (S); Van Rhijn (S); Serfontein (S); Nel (V) en Le Roux (V/D).

Dus stemme vir: Swart 8; Verwoerd 3,5 en Donges, 2,5.[25]

Die opposisiekoerant, die *Sunday Express*, het vroeg in Augustus iets van dié gevoel in die kabinet weergegee: “Dr. Verwoerd just isn’t running and can claim very little support in the Parliamentary Caucus. Indeed, I learn from sources close to the Cabinet that you can forget about Dr. Verwoerd being Premier for a long time to come. But before the Dönges-Schoeman contest reaches its climax, we may possibly have a brief interregnum with Swart as Premier.”[26] Vanuit die kabinet as magsentrum, maar ook die opposisiepers – in noue voeling met die invloedryke nasionale en internasionale meningsvormers en sakegemeenskap – was Verwoerd dus uit die staanspoor die ongewildste en selfs gevaarlikste keuse.

’n Tweede struikelblok vir die kandidate in 1958 was gesetel in die federale aard van die Nasionale Party. Hierdie gegewe was vanaf die stigting van die eerste provinsiale bestuur in die Oranje-Vrystaat, vanaf middel-1914, van krag. So byvoorbeeld lui artikel 23 van die Kaaplandse party se konstitusie in 1916: “Die Nasionale Party van die Kaapprovinsie is en bly ’n selfstandige liggaam, en wil geen ineensmelting hê met enige ander Party of met enige ander organisasie van die Nasionale Party nie, maar tree tot ’n Federale Unie met die Nasionale Party-organisasies van die ander provinsies toe, ooreenkomstig die konstitusie

24 Hertzog-dagboek, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8814. Dit het in Verwoerd se guns getel dat hy vir ’n aantal jare leier van die senaat was en die meeste senatore aan regeringskant goed geken het.

25 Bronne sluit in die Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192; BM Schoeman, *Van Malan tot Verwoerd* (Kaapstad: Human en Rousseau, 1973), pp. 130-147; D en J de Villiers, *Paul Sauer* (Kaapstad: Tafelberg, 1977), pp. 118-125; Ben Schoeman, *My lewe in die politiek* (Johannesburg: Perskor, 1977), pp. 239-246.

26 *Sunday Express*, 3 Augustus 1958.

van die Federale Raad."[27] Die werklike krag van die Nasionale Party was dus in sy provinsiale leiers en onderskeie besture geleë, selfs al het die hoofleier, wat gewoonlik ook 'n provinsiale leier was, die taak gehad om al die belange in sy amp of handeling saam te smee.[28] Enige kandidaat wat eerste minister wou word, insluitende Verwoerd, moes dus deeglik met die strominge en koppige persoonlikhede in elkeen van die provinsiale partye van die NP in voeling bly. Dit is tewens geen verrassing dat die drie kandidate in 1958 uit die drie sterkste provinsiale partye van die NP gekom het nie. Swart was die leier van die NP in die Vrystaat, met 10% van die koukuslede (LV's en senatore). Dönges was die leier van die Kaapse NP (met die LV, PW Botha, as provinsiale sekretaris) met sowat 35 % koukuslede. Dönges kon ook op die ondersteuning van Nasionale Pers (*Die Burger*) en invloedryke Kaapse sakegemeenskap reken. Verwoerd was die onderleier van die Transvaalse NP (met die LPR Jack Steyl as provinsiale sekretaris) wat sowat 45% van die koukuslede gelewer het. Die Vrystaat het die volgende 10% bygedra en die ander twee provinsies, Natal (met WA Maree as leier) en Suidwes-Afrika (met dr. AJR van Rhijn as leier) het die laaste 10% koukuslede bygedra.[29] As 'n leiersfiguur in die Transvaal het Verwoerd 'n goeie kans gestaan om premier te word, maar die uitdaging was dat hy ook steun uit die ander provinsies moes trek.

'n Derde struikelblok was dat Verwoerd in ideologiese terme meer radikaal as die gematigde Swart en Dönges was. Hierdie ideologiese verskille kan bondig rondom die temas van die republiek, die kleurvraagstuk en die ekonomie geskets word. Wat al drie sake betref, het Verwoerd, volgens Hertzog se formulering, 'n sterker, radikaler en kragdadiger posisie as sy opponente ingeneem. Wat die ekonomie betref het dit, onder meer, oor verskille tussen kandidate oor die vryemarkstelsel gegaan – 'n onderwerp waarna daar aan die einde van hierdie artikel teruggekom sal word.

Gedurende Augustus, tot en met die afsterwe van Strijdom op 24 Augustus, moes die Verwoerd-kamp hulle veldtog fyn beplan. In die eerste plek moes hulle die nodige persoonlike en saaklike argumente teen hulle opponente regkry. Die basiese argument van die Verwoerd-kamp teenoor Dönges was dat, hoewel hy bekwaam is, hy as minister van binnelandse sake op kardinale punte misluk het omdat hy altyd "populêr" wou wees. Swart, op sy beurt, is as swak en senuweeagtig voorgestel en iemand wat van onaangename besluite terugdeins en onkundig is oor die groot en belangrike magte in die land, byvoorbeeld die "goudmynmagte".[30] Ten spyte

27 Jan van Rooyen, *Die Nasionale Party. Sy opkoms en oorwinning en Kaapland se aandeel* (Kaapstad: Hoofraad van Kaaplandse NP, 1956), pp. 302-303.

28 Vir detail van die federale struktuur van die NP in 1964, kyk MPA Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika, 1914-1964 sy stryd en sy prestasies* (Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery, 1964), pp. 326-331.

29 Vir 'n lys van die verskillende LV's van die NP in 1958, kyk Hansard 1958.

30 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8832-8836.

van Hertzog se verdediging van Verwoerd het laasgenoemde se teenstanders buite die NP hom in so 'n mate as 'n "gogga", "dikatator", "onmoontlike mens" en 'n "buffel" voorgestel, dat dit selfs tot binne die party weerklank gevind het. Hertzog het egter geoordeel dat "... as mens vir Verwoerd ken hy nederig en aangenaam" en iemand met sterk oortuigings is.[31] Dit is interessant dat die Verwoerd-kamp reeds vroeg in Augustus redelik positief was oor die komende leiersverkiesing. In 'n gesprek wat Hertzog met Verwoerd (Woensdagaand 6 Augustus) gehad het, het hulle reeds oor sy moontlike toekomstige rol as eerste minister gesels. Verwoerd het dit duidelik gestel dat hy "sterk" sal staan, maar ook versigtig met die NP van die Kaap en Vrystaat sou moes wees. Ander kwessies waaroor hulle gesels het, was die "geldmag", die morele opbou van die Afrikaner (deur te let op die radio, rolprente, pers, goedkoop literatuur) en die samesnoering van portefeuljes soos finansies, ekonomiese sake en onderwys in 'n tipe ekonomiese "planneraad".[32] Teen die einde van Augustus het die Verwoerd-kamp bereken dat hulle uit die 101 volksraadslede en 73 senatore ten minste 88 stemme moes kry. In daardie stadium was die berekening 90 sekeres en 17 moontlikes.[33]

Ten spyte van die optimisme in die Verwoerd-kamp moes hulle, volgens Hertzog, steeds bedag wees op twee strategieë wat Swart en Dönges se ondersteuners moontlik kon bedink. In die eerste plek was daar die gevaar dat die kabinet as magsentrum bloot die goewerneur-generaal adviseer oor 'n kandidaat. In die geval sou dit Swart as waarnemende eerste minister met meerderheidsteun in die kabinet wees.[34] In die tweede plek was daar die strategie van die Dönges-kamp, met PW Botha as die brein daaragter, dat indien daar drie kandidate staan, die stemme van die Kaap en die Vrystaat saamgevoeg kon word om die Transvaalse kandidaat te verslaan.[35]

---

31 *Ibid*., pp. 8836-8837.

32 *Ibid*., pp. 8841-8842; 8845-8846.

33 *Ibid*., p. 8861.

34 Dit was ook die strategie wat dr. DF Malan en die Kaapse NP probeer volg het om Strijdom uit die eerste ministersamp in 1954 te hou. Hierdie strategie het egter misluk. Nogtans is Swart inderdaad deur die goewerneur-generaal, kort voor Strijdom se afsterwe, as waarnemende eerste minister aangestel. Gevolglik moes die Verwoerd-kamp, as teenvoeter, vir Piet Luttig, die voorsitter van die koukus, na die goewerneur-generaal stuur om hulle teenkanting aan so 'n skuif uit te spreek (Hertzog-dagboek, pp. 8857; 8864-8865). Kyk hieroor ook die berigte in die *Sunday Express* van 24 Augustus 1958. Na die afsterwe van Strijdom is Swart egter nie weer aangestel nie en was die land, tot die aanwysing van 'n partyleier sonder 'n eerste minister. Kyk hieroor Hertzog-dagboek, p. 8871.

35 Hertzog-dagboek, pp. 8837-8838; 8893. Dit is interessant dat PW Botha hierdie strategie twintig jaar later met sukses gevolg het toe hy in 1978 as Kaapse leier teen Connie Mulder (Transvaalse leier) eerste minister geword het. Hy het dit gedoen met behulp van die Vrystaatse leier, Alwyn Schlebusch, en 'n groep Transvaalse LV's onder leiding van Pik Botha. Hierin het die sogenaamde Inligtingskandaal hom ook gehelp. Kyk hieroor, A Ries en E Dommisse, *Broedertwis* (Kaapstad: Tafelberg, 1982), pp. 8-24.

## 3. DIE VERKIESING VAN ’N NUWE PARTYLEIER EN EERSTE MINISTER

Adv. JG Strijdom is in die vroeë oggendure van Sondag 24 Augustus 1958 in Kaapstad oorlede.[36] Die staatsbegrafnis het op Saterdag 30 Augustus in Pretoria plaasgevind en die verkiesing van ’n nuwe partyleier (en eerste minister) sou tydens ’n koukusvergadering op Dinsdag 2 September, plaasvind. Daar sou tussen drie kandidate gekies moes word. Die *Cape Times* het berig: “The outcome of the leadership struggle is a matter of immense importance for South Africa, which faces the disaster of Dr Verwoerd as Prime Minister ... Dr Dönges represents the Cape, more civilised, more conscious of the South African traditions of Democracy and Fair Dealing, essentially more tolerant. Mr Swart has a negligible personal following ...”[37] Aan die einde van die week het ’n trein Strijdom se oorskot na Pretoria geneem. Op dieselfde trein was ’n groot groep parlementslede. Terselfdertyd het Verwoerd, sy vrou en ’n aantal vriende en kollegas per vliegtuig na Johannesburg gevlieg. Volgens Albert Hertzog, wat op die vlug was, het Verwoerd nog vir J du Pisanie (die LV vir Germiston), wat oorkant hom gesit het, bearbei om vir hom te stem.[38] In Pretoria was die basis van die Verwoerd-veldtog die kamer van minister Daan de Wet Nel in die Culemborg Hotel. Dit het veral gegaan oor die feit dat Jan de Klerk as Transvaalse minister moontlik vir Swart sou steun. Na die begrafnis het die parlementslede die volgende oggend met twee treine na Kaapstad vertrek. In die voorste trein het Hans Abraham, Albert Hertzog en Daan de Wet Nel nog gepoog om onseker lede van die koukus oor te haal. Dit is interessant dat, terwyl minister Nel in ’n gewone kompartement gereis het, minister JJ Serfontein, wat in beheer van Swart se veldtog was, ’n ministeriële wa aan die trein gekoppel het. In die tweede trein was MC Botha besig om ander lede te bearbei.[39] Nadat die twee treine Maandagmiddag in Kaapstad aangekom het, het sommige parlementslede direk na die parlement gegaan om die jongste nuus te verneem en reëlings vir die volgende dag te tref. Die Maandagaand het Hertzog en die Verwoerd-kamp tot die volgende berekening van stemme gekom: Eerste rondte Verwoerd 90, Dönges 52 en Swart 34. En vir die volgende rondte: Verwoerd 114 en Dönges 62. Laat die Maandagaand het hulle met die nuus na Verwoerd by sy ampswoning in Kaapstad gegaan.[40]

---

36 Kyk BM Schoeman, *Van Malan tot Verwoerd* (Kaapstad: Human en Rousseau, 1973), p.137. Vir Verwoerd se huldeblyk aan Strijdom, kyk die *Transvaler*, Maandag 25 Augustus 1958.

37 *Cape Times*, 27 Augustus 1958.

38 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8884-8885.

39 *Ibid*., pp. 8887-8889. Volgens Lindie Koorts, in private kommentaar, het De Wet Nel dalk nie van sy ministeriële wa gebruik gemaak nie, omdat hy ywerig was om lede te bearbei. Serfontein het in die opsig dalk soos ’n lid van die ou garde opgetree.

40 Hertzog-dagboek, pp. 8895-8896.

Voor die koukusvergadering op 2 September het Hertzog en sy groep (wat ook minister Nel ingesluit het) nog 'n laaste vergeefse poging aanwend om twee ander Transvaalse ministers te oorreed om nie vir Swart nie, maar eerder vir Verwoerd te stem. Om 10h30 het die koukus bymekaargekom.[41] Die koukus het uit 101 volksraadslede en 75 senatore bestaan – dus 176 stemgeregtiges. Die uitslag was: Eerste rondte: Verwoerd 80, Dönges 52, Swart 41 (res bedorwe). Tweede rondte: Verwoerd 98, Dönges 75 (res bedorwe).[42] Na sy verkiesing het Verwoerd, op die trappe van die Senaatsgebou, gesê dat "[w]at vandag binne die koukus gebeur het, is die bewys van die hoë mate van demokrasie binne die Nasionale Party. As vriende stel ons onsself tot diens van die volk." Verder het hy die volgende temas aangeraak: Strijdom se erfenis, die transendente, beskerming van demokratiese instellings in die land, eners- en andersdenkendes, die vriendelikheid en regskapenheid van leiers, vrede met die buiteland en goedgesindheid met Afrika, verskille van ras en lewenswyse in Afrika, die misverstand oor die kleurbeleid en skeiding (aparte ontwikkeling) nie onderdrukking is nie, die verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekendes, republiekwording, die stamlande, ekonomiese ontwikkeling en wetenskap en kuns. Verwoerd het voortgegaan: "Die tydsgewrig is ernstig; die roeringe onder die nasies is groot. Die vraagstukke van ons land raak meer ingewikkeld en word vertroebel deur onkunde, inmenging en belangebotsing." Hy het sy toespraak met verwysing na 'n besielde nasionalisme en die transendente afgesluit.[43] Na die toespraak het hy vir middagete na sy ampshuis gegaan waar sy vrou Betsie en enkele van haar vriendinne hom ingewag het.[44] Die volgende dag (3 September) het Verwoerd se radioboodskap aan die Suid-Afrikaanse publiek gevolg wat volgens Pelzer vier aspekte van sy politieke filosofie saamgevat het: Afrikaner/Engelse verhouding; die kleurkwessie; asook die verhouding met die buiteland en die ekonomie.[45]

---

41 *Ibid*., p. 8903.

42 Vir stemtotale, kyk GD Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966*, Bd I (Johannesburg: Perskor, 1974), p. 301. Vir Verwoerd se korrespondensie en radioredes (Augustus-September 1958) kyk AREA, PV 93, lêer 1/11/2. Vir verdere korrespondensie (September-November), kyk 1/11/3-10, lêer 3/1/16-17 en lêer 3/5/1. Vir telegramme (Augustus-September), kyk lêer 1/11/11 19.

43 *Verwoerd aan die woord* (Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel [APB], 1964), pp. 148-151. Weens die fokus van hierdie artikel kan daar ongelukkig nie in detail op hierdie toespraak en die konteks waarbinne dit plaasgevind het, gefokus word nie.

44 Kyk A Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou* (Pretoria: Afrikaner Volkswag, 1993), p. 54.

45 AN Pelzer, "Inleiding", in *Verwoerd aan die woord* (Johannesburg: APB, 1964), p. xviii. Vir GD Scholtz se rekonstruksie van die belangrikste temas in Verwoerd se premierskap, kyk *Hendrik Frensch Verwoerd*, band II (Perskor: Johannesburg, 1974). Vir Verwoerd se kennis van internasionale aangeleenthede en sy latere buitelandse beleid/houding, kyk D Geldenhuys, *The diplomacy of isolation: South African foreign policy making* (Johannesburg: MacMillan, 1984). Vir 'n eietydse interpretasie, kyk H Giliomee, *Die laaste Afrikanerleiers* (Kaapstad: Tafelberg, 2012), pp. 38-89.

In reaksie op Verwoerd se verkiesing het die opposisiekoerant, die *Star*, as volg berig:

> "The election of Dr. Verwoerd ... is something of a political departure ... he is not a 'man of the people' as Nationalists would understand the term, he is remote from the tradition of Afrikaner leadership built over a century or more. His victory ... is ... a triumph for unaided force of character – a character which combines great ability with a fierce intensity, complete inflexibility, and the intolerance of a man who is never wrong."[46]

Op sy beurt het die redakteur van die mondstuk van die Kaapse NP, *Die Burger*, en rubriekskrywer van *Dawie*, Piet Cillié, as volg besin:

> "Die party laat my op die oomblik dink aan 'n man wat deur 'n wasmasjien gegaan en lewendig anderkant uitgekom het: 'n bietjie lig in die kop, taamlik verbaas dat hy dit reggekry het, en al voelende aan sy ribbes of iets nie êrens gebreek is nie. Dit help nie om te maak asof daar geen kneusings, ja miskien selfs erger, agter gebly het nie. Dit sou dwaas wees om die gevare vorentoe te kleineer. Maar dit was 'n groot en gedenkwaardige ondervinding, die van die afgelope twee weke. Jammer dat alle Nasionaliste dit nie van naby kon meemaak nie. Soos een van die sleutelmanne aan my gesê het: "Ek het nog nooit in so 'n kort tydjie so baie geleer nie."[47]

Na *Dawie* lof gee aan die twee kandidate wat uitgeval het, gaan hy dubbelsinnig voort:

> "Dr. Hendrik Verwoerd het dit in hom om een van Suid-Afrika se grootste eerste ministers te word. Sy kritici sê hy het dit ook in hom om rampe te presipiteer. Dit is natuurlik die moeilikheid met briljante mense in magsposisies: hulle het die vermoë om sekere mense te laat ys."

Soos Lloyd George die vroeë kritiek teen Churchill opgesom het:

> "Wanneer die meganisme (van sy gees) verkeerd gaan, maak juis die krag daarvan die werking rampspoedig, nie net vir homself nie, maar die sake waarmee hy besig was, en die manne met wie hy saamwerk. Daarom was hulle senuagtig in sy vennootskap. Maar Lloyd George het daarop laat volg: 'Manne met sulke gawes is skaars – baie skaars. In 'n noodtoestand moet hulle ten volle gebruik word, en as jy 'n waaksame oog oor hulle bedrywighede hou, is hulle 'n groter bate as 'n legioen van die gewone soort.' ... Die geskiedenis het klaar geoordeel wie oor Churchill gelyk gehad het. Ek wens ons Eerste Minister 'n soortgelyke oordeel toe!"[48]

---

46 *The Star*, 3 September 1958. In 'n ander trant is Verwoerd vanuit die private sfeer as volg deur die Potchefstroomse filosoof, prof. HG Stoker, in 'n private brief gelukgewens: "Ons is dankbaar dat u in u toespraak tot Suid-Afrika u geloof aan die leiding van God vooropgestel het. ... U het geen maklike taak nie. Daar is bowendien soveel (so dikwels opsetlike) misverstande en beginselverskille in ons land asook soveel spanning tussen Afrikaners en Engelse en tussen Europeaan en Naturel en Kleurling en Indiër. Mag u desnieteenstaande die vertroue behou van ons Afrikaanse volk, die vertroue wen – en dit met behoud van beginsels – van ons Engelse landgenote, veral van hulle van wie u die meeste teenkanting ondervind het, en ook verseker word van die vertroue van ander rasse, want bv. juis 'n vriendskap van ons met Bantoe en Kleurling beteken vir die toekoms van Suid-Afrika so onnoemlik veel. Ons weet dat dit alles makliker verkry kan word met 'n selfstandige republiek." Vir hierdie brief, gedateer 3 September, en ander briewe van gelukwensing aan Verwoerd, kyk AREA, PV 93, lêer 1/11/3. Hierdie briewe was afkomstig van eenvoudige kiesers tot kerkmanne, politici, regters en buitelanders.

47 Dawie in *Die Burger*, 6 September 1958.

48 *Ibid*. (Hierdie berig verskyn 'n dag voordat Verwoerd, sy vrou en hulle seun Wynand vir dr. Malan op Stellenbosch gaan kuier het om volgens *Dawie*, en die Kaapse perspektief, te wys dat

Verwoerd moes nou sy gesag vestig oor 'n verdeelde kabinet, vol veterane uit die Strijdom-era, wat kort tevore nog sy seniors was. Daar is gevolglik in die periode tussen Verwoerd se verkiesing as eerste minister en die aanstelling van sy eerste kabinet in Oktober 1958 met belangstelling gekyk na dit wat hy sou doen. Ook hier was dit 'n geval van nie-eengesindheid in eensgesindheid. Hoewel hy direk na sy verkiesing die Strijdom-kabinet net so behou het (hyself het sy bestaande portefeulje van naturellesake by sy nuwe pos gevoeg), het hy met die meerderheidsteun gesukkel.[49] In die bedrywige maand van September moes daar dus ernstig oor hierdie kwessie, en die eenheid in die party, besin word. Saterdagoggend, 13 September, het die Dagbestuur van die NP van Transvaal, van wie Verwoerd nou waarnemende leier was, by sy ampswoning, Groote Schuur, bymekaargekom. Soos reeds genoem was die NP 'n federale party en was dit vir Verwoerd nodig om so gou as moontlik sy posisie in die Transvaalse NP te konsolideer – veral omdat twee senior lede, Schoeman en De Klerk, prominent teen hom in die leiersverkiesing gestem het. Die daaropvolgende Maandagmiddag (15 September) het Verwoerd die laaste keer die pos van minister van naturellesake in die parlement hanteer. Die volgende dag het hy sy eerste kabinetsvergadering om 10h15 in die parlementsgebou gelei.[50]

Donderdagoggend, 18 September, is Verwoerd vir die eerste keer as eerste minister deur die leier van die opposisie, sir De Villiers Graaff, aangespreek.[51] Graaff het, onder meer, na Verwoerd se ondemokratiese verlede verwys. Verwoerd het hom hierteen verweer en gepraat oor die NP se republikeinse strewe, die ekonomiese beleid, die ontplooiing van die Bantoe-beleid en die strewe om 'n bondgenoot van die Westerse wêreld te bly.[52] Dat Verwoerd ernstig oor 'n veranderde kabinet was, het die volgende week uitgekristalliseer toe hy vinnig wetgewing deur die parlement geloods het om die kabinet te vergroot – van 12 ministers na 16 en 8 adjunkte. Hieroor is daar sterk gedebatteer in die laaste koukusvergadering van die NP op Dinsdag, 23 September. Dit was opvallend dat verskeie lede krities was en dat sommige senior ministers nie vir Verwoerd gehelp het nie. Hierdie verskynsel was ook in die debat oor die wetgewing in die parlement sigbaar. So iets kon maklik as spandabelrig beskou word, aangesien nuwe ministers

---

die "kontinuïteit in die Nasionale Party en die landsregering" voortgaan.)

49 BM Schoeman verwys in 'n hoofstuk selfs na "Verwoerd die eensame", in hierdie tyd, in *Van Malan tot Verwoerd* (Kaapstad: Human en Rousseau, 1973), pp. 147-149. Vir korrespondensie, verslae van die kantoor van die eerste minister (1955-1958), kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/2/1. Vir korrespondensie en telegramme van die kantoor van die eerste minister (1958-1961), kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/2/2.

50 *Hansard*, 1958, kol. 4058 e.v. Die debat is Woensdag 17 September hervat, kyk *Hansard*, kol. 4318 e.v. Oor die eerste kabinetsvergadering, kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/2/1.

51 *Hansard*, 1958, kol. 4406 e.v.

52 HF Verwoerd, *Verwoerd aan die woord* (Johannesburg: APB, 1964), pp. 152-175. Oor *Dawie* se gunstige interpretasie van die toespraak, kyk *Die Burger* 20 September 1958.

ook lei tot ’n vergrote staatsdiens en meer uitgawes. Dit kon ook maklik as baantjies vir boeties beskou word. Verwoerd se posisie in die breë party was dus nog nie volledig gekonsolideer toe die parlementsitting op Donderdag, 25 September, geëindig het nie.[53] Die volgende dag het Verwoerd met Paul Sauer vergader oor ’n moontlike verskuiwing van sy portefeulje as minister – iets waaroor hy bitterlik ongelukkig was.[54] Dieselfde dag het Albert Hertzog ook ’n memorandum oor die mynbeleid aan Verwoerd se privaatsekretaris oorhandig – ’n saak waaroor hy reeds vroeër met Verwoerd gesels het – en wat van kardinale belang was vir die debat wat tydens die eerste vergadering van die nuwe Verwoerd-kabinet in November (sien later) plaasgevind het.[55]

Op Maandag, 29 September (21h15), het Verwoerd en sy vrou uit Kaapstad per trein na Brandfort vertrek waar hy Woensdagoggend, 1 Oktober, sy pa, Wilhelm Johannes Verwoerd, besoek het.[56] Hy is dieselfde dag vanaf Brandfort per motor na Bloemfontein om die aand die jaarvergadering van die Afrikaner Broederbond (AB) by te woon. Volgens dr. Piet Meyer het Verwoerd die uitnodiging na die vergadering met die volgende woorde aanvaar: “Die Eerste Ministerskap skep vir my geen probleem wat my lidmaatskap van die AB betref nie.” Meyer gaan voort:

> “Ons het ook vir Oom Blackie Swart en Eben Dönges, die ander twee kandidate vir die Eerste Ministerskap ... gevra om teenwoordig te wees. Quintie Thom, ons voorsitter, het dr. Verwoerd by die ingang gaan ontmoet terwyl ek as ondervoorsitter die Jaarvergadering gelei het tot hulle, gevolg deur Oom Blackie en dr. Dönges ingekom het.”[57]

Volgens Albert Hertzog, wat ook by die vergadering was, het Verwoerd versoenend gepraat met die ou Ossewa-Brandwaglede en bygevoeg dat wat republiekwording betref hy nog altyd die regte ding op die regte tyd probeer doen het.[58] Volgens Hertzog het Verwoerd se toespraak idealisme en nederigheid uitgestraal. Die volgende oggend (Donderdag, 2 Oktober) het die Verwoerd-geselskap om 08h00 van Brandfort per trein vertrek en die aand om 19h11 in Pretoria aangekom. Na sy aankoms het hy aan ’n skare gesê dat “... hy as leier en persoon nie tel nie; hy en sy

---

53 *Hansard*, 1958. Vir gebeure in September kyk Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8928 e.v.. Vir ’n beskrywing van die einde van 1958 vanuit ’n ander hoek, kyk A Hepple, *Verwoerd* (Londen: Pelican, 1967).

54 Verwoerd wou hom skuif van lande en waterwese na bosbou en openbare werke. Vir die negatiewe handgeskrewe antwoord van Sauer op 27 September, kyk AREA, PV 93, lêer 3/1/10.

55 Vir die memorandum, kyk Hertzog-dagboek, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8934-8962. ’n Deel van Hertzog se betoog in die memorandum is dat die regering ’n sterker rol in die mynboubedryf moet speel. Daar is ook skerp kritiek op die Engelse pers se vennootskap met die mynbedryf en die bankwese. Miskien het Hertzog met die memorandum gehoop om minister van ekonomiese sake te word?

56 Vir die reisreëlings, kyk AREA, PV 93, lêer 1/46/1.

57 PJ Meyer, *Nog nie ver genoeg nie* (Johannesburg: Perskor, 1984), pp. 79-80.

58 Vir meer oor die AB, kyk AN. Pelzer, *Die Afrikaner Broederbond: Eerste 50 Jaar* (Kaapstad: Tafelberg, 1979) en I Wilkins en H Strydom, *The Super-Afrikaners. Inside the Afrikaner Broederbond* (Johannesburg: Jonathan Ball, 1978).

vrou is nou die besitting van die volk en hulle lewe is voortaan aan die volk gewy". En voorts: "Of ons slagoffers moet word van ons vaderlandsliefde, weet ons nie. Of ons lot goed of sleg gaan wees, ons is gewy aan die toekoms van ons volk."[59]

## 4. SAMESTELLING VAN DIE EERSTE VERWOERD-KABINET

Na sy aankoms in Pretoria het premier Verwoerd 'n week gehad om verder oor sy nuwe kabinet te besin, voordat die kongres-seisoen van die Nasionale Party se provinsies aangebreek het. Op Dinsdag, 14 Oktober, het hy die aand, tydens die NP-kongres in Windhoek, aangekondig dat die provinsiale leier en minister van mynwese, dr. Van Rhijn, as Hoë Kommisaris in Londen aangestel is.[60] Die volgende Dinsdagoggend (21 Oktober) het Verwoerd sy kabinet van 20 lede (in senioriteit) as volg aangewys:[61] CR Swart (justisie), PO Sauer (bosbou en openbare werke), EH Louw (buitelandse sake), TE Dönges (finansies), FC Erasmus (verdediging), BJ Schoeman (vervoer), JFT Naude (binnelandse sake), JJ Serfontein (onderwys, kuns en wetenskap en volkswelsyn en pensioene), J de Klerk (arbeid en mynwese), MDC de W Nel (bantoe-administrasie en -ontwikkeling), PMK le Roux (landbou-tegniese dienste en waterwese), WA Maree (Bantoe-onderwys), N Diederichs (ekonomiese sake), A Hertzog (pos- en telegraafwese en gesondheid) DCH Uys (landbou-ekonomie en -bemarking).

Die adjunkministers was: FE Mentz (bantoe-administrasie en -ontwikkeling), PW Botha (binnelandse sake), M Viljoen (arbeid en mynwese), BJ Vorster (onderwys, kuns en wetenskap en volkswelsyn en pensioene).[62]

Dit is duidelik dat Verwoerd met hierdie kabinet uiters versigtig te werk moes gaan om al die belange binne die Nasionale Party in 1958 te bemiddel.[63] Daar was vier nuwe ministers (Maree, Uys, Hertzog en Diederichs) en vier nuwe adjunkministers. In terme van die tema van nie-eensgesindheid in eensgesindheid is dit interessant om te kyk watter fyn voetwerk Verwoerd moes doen. Eerstens moes die vraagstuk wat betref sy posisie in die kabinet aangespreek word. Hier is dit opmerklik dat hy nie een van die senior ministers, wat teen hom met die leierstryd gestem het, afgedank het nie.[64] Hy het egter die invloed van hierdie senior ministers verminder deur die aanstelling van vier nuwe ministers wat hom goedgesind

59 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, pp. 8969-8970.
60 PV 93, lêer 1/46/2.
61 Vir verklarings en knipsels oor die kabinet-aanstelling van 1958, kyk PV 93, lêer 1/20/1/1. Vir korrespondensie en telegramme oor die kabinet-aanstellings (1961-1966), kyk PV 93, lêer 1/20/1/2.
62 Scholtz II, pp. 49-50. Van die adjunkministers het Mentz in November 1960 uit die politiek getree vanweë gesondheid (kyk hieroor AREA, PV 86, lêer 2/1/1).
63 Vir Verwoerd se verklarings en knipsels oor die kabinet, kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/1/1.
64 Die enigste uitsondering was Van Rhijn wat as minister na hoë kommisaris in Londen verskuif is.

was. Met die aanstelling van hierdie nuwe vier, en die swaai van enkele senior ministers, kon hy nou op tussen 10 en 12 van die 16 ministers se steun staatmaak asook ten minste drie van die vier adjunkministers.[65] Die aanstelling van Vorster en Botha as adjunkministers het hulle loopbane as toekomstige leiers van die NP (en eerste ministers/presidente) gelanseer.[66] Tweedens het hy die federale aard van die party gestand gedoen deur aan die Kaapse leier, en sy teenstander in die verkiesing, Eben Dönges, die gesogte portefeulje van finansies te gee. Maree, een van die nuwe ministers, was leier van Natal, maar hy was ook ’n vertroueling van Verwoerd – net soos Uys wat ’n verdere ministriële pos aan Kaapland gegee het. Verwoerd moes tewens uiters bedrewe met die komplekse persoonlikhede van ouer ministers soos Schoeman en Sauer werk en dit sou hom ook nog ’n ruk neem om die vertroue van ander senior ministers soos Louw, Swart, Dönges en De Klerk te wen. Die aanstellings van Hertzog en Diederichs kan ideologies gesien word. Hoewel Hertzog in ’n redelik neutrale portefeulje aangestel is, het Verwoerd hom saam met Diederichs as geesgenote gesien veral wat die toekomstige ekonomiese beleid betref.[67] Laastens is dit duidelik dat Verwoerd met sy kabinet sterk tegnies-wetenskaplik en ideologies te werk gegaan het. Hy het die kabinet so gestruktureer (met twee ministers van landbou en twee van bantoesake) dat die regering maksimaal kon funksioneer, maar ook om interne mag te verdeel.[68]

Op Donderdag 23 Oktober, is die nuwe ministers (behalwe Diederichs wat eers vanaf 1 Desember aangestel is) en die adjunkministers deur die goewerneur-generaal in Pretoria ingesweer.[69] Die koerante wat na aan die NP gestaan het, het oor die algemeen gunstig oor die nuwe kabinet gereageer, terwyl die Engelse

---

65 In sy reaksie, wys die *Pretoria News*, 21 Oktober 1958, daarop dat Verwoerd op 13 uit 16 van die ministers en drie uit vier van die adjunkministers se steun kon staatmaak. Die koerant het Dönges, Swart, Erasmus en PW Botha as opponente uitgesonder. Vir PW Botha se kru uitbarsting oor Strijdom en Verwoerd in September 1958, kyk Hertzog-dagboek AREA, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8963.

66 Daar was egter groot generasie, temperamentele en intellektuele verskille tussen Verwoerd, Vorster en Botha. Oor Vorster, kyk J D’Oliviera, *Vorster – The man* (Johannesburg: Ernest Stanton Publishers, 1977); HO Terblanche, *John Vorster: OB-Generaal en Afrikanervegter* (Johannesburg: CUM, 1983) en H Giliomee, *Die laaste Afrikanerleiers* (Kaapstad: Tafelberg, 2012), pp. 90-141. Vir meer inligting oor Botha, kyk J van Rooyen, *PW Botha. 40 Jaar* (Kaapstad: Tafelberg, 1976); D en J de Villiers, *PW Botha* (Kaapstad: Tafelberg, 1984); D Prinsloo, *Stem uit die wilderness.* ’n *Biografie van oud-president PW Botha* (Mosselbaai: Vaandel, 1997) en H Giliomee, *Die laaste Afrikanerleiers* (Kaapstad: Tafelberg, 2012), pp. 142-213 en 254-290.

67 Dit was in lyn met dit waarna Hertzog en Verwoerd vroeër as ’n ekonomiese planneraad verwys het.

68 Vir Verwoerd se redes vir die herstrukturering van sy kabinet, kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/1/1. In sy reaksie het sir De Villiers Graaff, as leier van die opposisie, na die vergrote naturelledepartement verwys asook die ekstremiste in die kabinet (met verwysing na Diederichs en Hertzog). *Die Burger* (22 Oktober) het gewys op die reorganisasie van die staatsdiens of staatsbestuur.

69 Vir ’n fassinerende skets van die inswering, kyk die Hertzog-dagboek, pp. 8984-8987.

pers meer krities was. Die *Cape Times* (23 Oktober) het daarop gewys dat die skepping van twee departemente vir naturellesake 'n teken was dat apartheid nie 'n "pipedream" is nie, maar dat Verwoerd apartheid wou deurvoer. Die *Rand Daily Mail* (23 Oktober) het weer op Graaff se verwysing na ekstremiste in die kabinet (Hertzog en Diederichs) gewys. In sy hoofberig het die koerant berig dat die regering, te midde van die realiteit van toenemende ekonomiese integrasie en die teenwoordigheid van vyf miljoen stedelike swartes, besig was met die "chasing of shadows". In sy kommentaar was die *Sunday Express* (26 Oktober) krities oor die feit dat die helfte van die kabinet nou uit professionele partyamptenare bestaan het.[70]

Na die week van die kabinetsaanstelling het die kongresse van die NP in die Vrystaat en Kaapland in die laaste week van Oktober plaasgevind – en die kongresse van Natal en Transvaal vroeg- en middel-November. Kortom: Nadat Verwoerd sy kabinet in Oktober aangewys het, kon hy, met meer steun in die kabinet, sy werk as eerste minister begin. Niks was nog uitgeklaar nie en hy sou die respek van sy ondersteuners moes verdien. Alles het belowend gelyk vir die dolle jare wat vanaf 1959 sou volg. Een van die redes hiervoor was dat Verwoerd 'n baie goeie greep op die breë Afrikaner-wêreld gehad het. Hy was nie net 'n partypolitikus en staatshoof nie, maar ook kultureel-simbolies 'n prominente lid van die AB en 'n aktiewe lidmaat van die NG-Kerk.[71] Verder het hy besigheidsbelange as 'n boer, met 'n plaas naby Devon in die Oos-Transvaal, gehad en was hy 'n direksielid (en later voorsitter) van Voortrekkerpers.[72]

## 5. DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE VERWOERD-KABINET

Die eerste vergadering van die nuwe Verwoerd-kabinet het op Dinsdag 4 November 1958 in die eerste minister se kantoor, in die westelike vleuel van die Uniegebou, plaasgevind. Op hierdie vergadering was daar 'n baie interessante wending, met ideologiese ondertone. Een van die eerste sake wat deur die senior minister, Paul Sauer, aangeraak is, was die kwessie van "privaat inisiatief". Hy is hierin deur Ben Schoeman ondersteun wat gesê het dat "... die sleutelindustrieë wat die Staat

70 Kyk ook die interpretasie van Joyce en Frank Waring in *Die Vaderland*, 31 Oktober 1958.

71 Dit is interessant dat Verwoerd se eerste openbare optrede na sy verkiesing as eerste minister, behalwe die provinsiale partykongresse van die NP in Oktober-November, die Geloftedagvieringe by Bloedrivier op 16 Desember 1958 was. Kyk hieroor HF Verwoerd, *Verwoerd aan die woord* (Johannesburg: APB, 1964), pp. 189-194. Dieselfde dag het Albert Hertzog 'n geloftedagrede in Windhoek gehou (AREA, PV 451, A11 43).

72 Verwoerd is in die plek van Strijdom as voorsitter van die direksie van Voortrekkerpers in 1958 aangestel. Later was hy ook voorsitter van die direksie van die Dagbreektrust, wat die Sondagblad *Dagbreek* uitgegee het en in 1962 ook in beheer van die noordelike koerantgroep, Afrikaanse Pers Beperk, gekom het.

vandag het, die verste is wat ons sal gaan en dat ons geen verdere sleutelindustrieë sal oprig nie".[73] Hierdie sterk standpuntinname van senior ministers was duidelik gemik op Hertzog en Diederichs se aanstellings en die standput van die NP dat die staat ook in die ekonomie van Suid-Afrika sou kon inmeng.[74] Albert Hertzog het tereg gevoel dat hierdie standpunt direk teen hom met sy vakbond-agtergrond (en by implikasie teen Verwoerd) gerig was:

> "Ek het gevoel dat die hele bespreking gemik was op my: Want teen my word nog altyd dit teen die kop gegooi dat ek voorgestel het in 1948 dat die Myne genasionaliseer moet word. En in die onlangse parlement was daar dieselfde beweringe van my en my opinie heeltemal onsaaklik ingesleep. Dönges het ook hierdie algemene standpunt gehuldig. Vir my was dit belangrik wat Verwoerd se houding gaan wees. Want ek het heeltemal ontuis begin voel. Ek het myself afgevra is dit nou die atmosfeer en die beginsels van manne wat die Afrikanervolk moet lei. Hul is gereed om die rykdomme van ons volk in die hande van private gewinsoekers te speel wel wetende dat die enigste mense wat die groot rykdomme dan sal kry ons vyande sal wees. Daarom het ek soveel te meer belangstelling gehad vir wat Dr Verwoerd se sienswyse sou wees: hy het nie veel gesê nie, maar hy het dit gesê dat ons nie kan sê dat die sleutelindustrieë wat ons vandag het die enigste is en dat ons nie ander sal begin nie."[75]

Hierdie merkwaardige eerste kabinetsitting van Verwoerd in November 1958 het daarop gedui dat daar subtiele en minder subtiele verskille tussen die lede van sy kabinet oor die NP se ekonomiese beleid bestaan het. Hierdie verskille sou in die volgende jare en dekades al hoe sterker uitkristalliseer. Aan die een kant was daar die tradisionele NP-standpunt van 'n ekonomiese beleid waar daar (staats-nasionalisties) na die groep en die werker gekyk moes word. Die nuwe standpunt was een van "privaat inisiatief" onder nasionaliste, maar dit het gedui op 'n vrye mark waar individue maksimale ruimte gegun moet word om hulle uit te leef. In polities-teoretiese terme sou hierdie verskille vandag as 'n verskil tussen 'n meer positiewe opvatting van vryheid versus 'n meer negatiewe opvatting van vryheid beskryf kan word.[76] Teen hierdie agtergrond sou 'n mens kon aanvoer dat laasgenoemde posisie, naamlik die een van 'n negatiewe opvatting van vryheid, in die daaropvolgende drie en 'n half dekades in so 'n mate invloedryk in die Nasionale Party geword het dat dit uiteindelik in die onderhandelinge van die vroeë-1990's die ideologiese botoon in dié party gevoer het.

---

73 Hertzog-dagboek, AREA, PV 451, lêer 4/1/192, p. 8998.

74 Dit is bekend dat dat Malan self jare lank ook na die nasionalisering van myne verwys het. Hertzog was in die opsig nie uit pas met die party nie, maar dit was dalk eerder 'n geval van veranderende tye. Die outeur bedank graag vir Lindie Koorts vir die insig.

75 Hertzog-dagboek, pp. 8998-8999. Sien verder Hertzog se detail beskrywing van die kabinets-kamer, p. 9003. Na hierdie kabinetsvergadering is daar nog 'n verdere nege kabinetsvergaderings in November en vroeg-Desember 1958 gehou (kyk AREA, PV 93, lêer 1/20/2/2).

76 Dit is die onderskeid wat Isaiah Berlin in sy intreerede, as professor in politieke filosofie aan die Universiteit van Oxford, op 31 Oktober 1958 gemaak het. Kyk I Berlin, "Two concepts of liberty", in M Sandel (red.), *Liberalism and its critics* (Londen: Blackwell, 1984). Kyk in die verband ook na D O'Meara, *Volkskapitalisme* (Johannesburg: Ravan, 1983).

In November 1958 het Verwoerd egter die eerste treë gegee om sy posisie in die Nasionale Party te verstewig. Hoewel Verwoerd ’n beeld van kragdadigheid gehad het, het sy verkiesing daarop gewys dat alles nie so eenvoudig was nie, en dat hy sy gesag moes vestig. In die daaropvolgende jare het hy wel deeglik sy gesag in die NP laat geld. Dit het egter nie subtiele en minder subtiele ideologiese verskille, wat onder die oppervlakte geprut het, volledig geblus nie.